waarheid & dwaling

RUGSTEUN VIR DIE AMP VAN GELOWIGE JAARGANG 7, NO 1 JANUARIE 2001

REDAKSIONEEL

# DIREKTE VERBINDING

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD


1 **Redaksioneel**
*Direkte verbinding*
2 **Skrifoordenking**
*Toorn- en genadebeker*
Dr AH Bogaards
4 **Aktueel**
*Pleidooi vir kerspreke op Kersdag*
Dr AH van den Bout
5 *Gesag en mag*
Dr JG Meijer
7 **Regte**
*Regsagtergrond vir die afskaffing van lyfstraf*
Dr AH van den Bout
9 **Kommentaar van lesers**
- *Tensy of totdat: wat gaan vir wat?*
- *Weg met die roede*

11 **Persskou**
- *Calvyn en die nagmaalbeker*
- *Belofte en eis van die doop*

Ds GJ Meijer
12 **Gebed van Calvyn**


Die band tussen God en sy mense ontstaan eensydig. Die Here sluit soewerein sy verbond met die mens in die paradys en vernuwe die verbondsluiting na die sondeval, uit genade. Sy genadeverbond met Adam, Noag, Abraham en al ons gelowige voorouers bevestig Hy vandag nog, van kind tot kind.

In die verbond wat die Here eensydig met ons aangaan, lê Hy aan ons verpligtings op. So maak Hy sy verbond wat Hy eensydig met ons aangaan, tweesydig. Hy verwag dat ons sy opdragte uit liefde vir Hom gehoorsaam uitvoer.

## Praat en luister

Die band tussen God en sy mense ontstaan en word verstewig deur ... *woorde*. Die Here spreek, in sy Woord. Hy praat verbond-taal. Hy maak Homself bekend, vertel vir ons van sy groot dade. Hy belowe ons vergewing van ons sondes en die ewige lewe. Hy beveel ons om in Hom te glo, ons van oortreding teen Hom te bekeer en kant te kies teen alles wat Hom mishaag. Hy trek ongelowiges liefdevol na Hom toe. En Hy bedreig elkeen wat in ongeloof volhard, met sy onuitblusbare toorngloed.

Woorde van God bly nie net woorde nie. Hy doen wat Hy sê. Sy woorde gaan gepaard met dade, met goddelike uitstorting van seën, met voltrekking van sy gerigte.

Die eerste opdrag in die verbond is: *Luister*. Luister eerbiedig na sy stem. Dit vereis inspanning, nadink. Die Heilige Gees werk in die gelowige hoorders. Deur sy werking in hul hart *verstaan* hulle die evangelie. Daar gebeur 'n wonder: Ons *glo* en bly glo in Hom wat met ons praat. Ons leer Hom in die loop van ons lewe al hoe dieper ken, bewonder, liefhê. En ons praat - eg verbondmatig - terug. Ons *antwoord*.

Die lofoffer van die gebede styg op na die hemel. Ons loof ons Verbondsgod om sy werke. Ons vra om en dank vir vergewing van sondes op grond van Christus se soenoffer. Ons aanvaar die beloftes in die evangelie en bid: 'Onse Vader, vervul u beloftes. Gaan voort met die vergadering van u kerk. Voleindig u vernuwende werke in die lewe van u kinders.' Ons loof, dank, smeek, vra. Die Here? Hy is onse Vader. Hy hoor en verhoor die gebede van sy kinders.

## Saam en persoonlik

Daar bestaan 'n hegte band tussen die Here en sy kinders. Dié band ontstaan deur die sprekende God en word deur Hom wat praat en sy volk wat antwoord gee, in stand gehou en verstewig. Ons luister *saam* na Hom in die bediening van die Woord en ons antwoord saam in gebede, Psalmgesang en offers in die erediens. Ons luister en bid ook saam deur Skrifondersoek en gebede op huisbesoek, in ons gesinne, in ons studiegroepe en in watter andere byeenkomste van gelowiges ook al.

Die mees intieme verbinding met ons hemelse Vader word *persoonlik* in stand gehou, deur persoonlike Skrifstudie en persoonlike gebed. In dié gebed bely die kind van God sy of haar boesemsonde waarvan geen ander mens weet nie. Vergewing word afgesmeek en krag om in die stryd teen die kwaad en die Bose weerstand te bied en te oorwin. Node, sorge, verdriet waarvoor woorde tekortskiet, lê die bidder voor die Here neer. Hoe reageer Hy? Ons getroue Verbondsgod vervul wat Hy in Psalm 145 belowe:

*Hy is naby die siel wat tot Hom sug,*
*Hy troos die hart wat skreiend tot Hom vlug.*

## Lewe in direkte verbinding met die Here

Die verbond tussen die Here en sy volk is 'n *direkte* verbinding. Dit wil sê: Hy duld geen tussengangers tussen Homself en sy gemeente nie. Hy wil dat sy kinders saam en elkeen van hulle na sy stem luister en dat hulle sowel in die gemeenskap van die heiliges as persoonlik Hom soek in die gebed.

Mag ons in die komende jaar in direkte verbinding met die Here bly. Hierdie bede gaan op vir elke gelowige persoonlik, vir ons gesinne, vir die Here se kerke, vir ons Bybelstudie-verenigings. Mag ons voor die aangesig van die Here wandel in ons werk, ontspanning, in die omgang met mekaar en met hulle wat nie glo nie. In direkte verbinding met die Here sal ons, deur sy Woord en Gees gelei,

- voortdurend na sy stem bly luister,
- die gebede vermenigvuldig,
- moedig stry teen alles wat die Here mishaag en bedroef, en
- ons jongmense voorgaan in 'n blymoedige wandel wat van die direkte verbinding tussen die Here en sy volk getuig.

In die direkte verbinding met Hom vervul ons Verbondsgod sy woorde uit Psalm 111:

*'Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand. Sy lof bestaan tot in ewigheid'.*

---

Preek van **Dr AH Bogaards**
Daniëlskuil

*Liturgie:*

*Lees: Jesaja 51:17-23; Matteus 26:27-28; Johannes 18:10-11*

*Sing: Psalms: 116:1; 32:1; 23:3; 116:2, 3, 7*

*Teks: Jesaja51:17, 22*

Mondstuk van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

*Medewerkers:*
Dr AH Bogaards
Dr JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 80 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

**SKRIFOORDENKING**

# TOORN- EN GENADE-BEKER

*Jesaja51:17, 22:*

**'Ontwaak, ontwaak, staan op, Jerusalem, jy wat uit die hand van die HERE die beker van sy grimmigheid gedrink het; die kelk van bedwelming het jy uitgedrink, uitgesuig. ... So sê jou Here, die HERE, en jou God wat die saak van sy volk verdedig: Kyk, Ek neem die beker van bedwelming uit jou hand, die kelk van my grimmigheid; jy sal dit verder nie meer drink nie.'**

Geliefde gemeente van Christus.

By die instelling van die nagmaal is drie dinge van allergrootste belang: eerstens die tekens wat Jesus gegee het, tweedens sy woorde en derdens sy handelinge. Die een is nie minder belangrik as die ander nie, want dit is *sy* tekens en *sy* woorde en *sy* handelinge. Al drie - sy tekens, sy woorde en ook sy handelinge - is gegee tot ons onderrig en tot versterking van ons geloof.

By die instelling van die nagmaal het ons Here Jesus ons twee *tekens* gegee: die brood as teken van sy liggaam en die wyn as teken van sy bloed. Daarin word die geweldige gebeurtenis van die kruis voor ons oë afgeskilder, die offer van Golgota tot ons ewige verlossing.

Aan daardie tafel het ons Here Jesus ook verskillende dinge *gesê*. So het Hy byvoorbeeld in verband met die wyn gesê: 'Dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes' (Matteus 26:28). Die *woorde* van Jesus is tot oorlopens toe vol van troos.

Dit is egter nie net die tekens en woorde wat ons Here gegee het wat belangrik is nie. Ook dit wat Hy daar aan tafel *gedoen* het, sy *handelinge*, is so uitermate veelseggend en troosryk.

In hierdie preek wil ek die lig van die Woord laat val op een van Jesus se handelinge: *sy handeling met die beker.* Hy neem dit - *'n beker*! - en sy dissipels ontvang die beker uit sy hand - *uit die hand van die Seun van God*!

Wat is tog so besonder aan hierdie beker en aan dit wat Jesus daarmee doen? Dit sal die Woord van God ons moet leer. Ons hoor in die voorgelese gedeeltes van:

1. 'n toornbeker wat ons almal verdien het;
2. dat 'n genadebeker in die plek van die toornbeker kom; en
3. die geheim van hierdie bekerverwisseling.

## 'n Toornbeker wat ons almal verdien het

Dit is nie eers by die instelling van die nagmaal dat die Woord van die HERE vertel van 'n beker waaruit ons moet drink nie. Reeds in die Ou Testament lees ons meermale van 'n beker. Daardie beker het alles te make met die nagmaalbeker. Dit leer ons die beker van die nagmaal des te beter begryp en te meer waardeer.

Die beker waarna ek verwys, is die beker van die wyn van God se grimmigheid (Jesaja 51:17), *sy toornbeker* (Openbaring 14:10).

Verskillende male (Psalm 75:8; Jesaja 51:17; Jeremia 25:15, 17; Esegiël 23:31; Habakuk 2:16) word gesê: Hierdie beker is in die hand van die HERE . Dit wil sê: Hy is die Uitdeler daarvan. Dit kom van Hom af.

Daar word ook presies gesê *wie uit hierdie beker moet drink,* vir wie die HERE dit aanreik: *Die heidennasies* moet daaruit drink (Jeremia 25:15, 17).

Maar dan hoor ons die skokkende: Ook die afvallige verbondsvolk (Jesaja 51:17) - *die kerk*! - het dit uit die hand van die HERE ontvang. Die profeet Jeremia (25:18) kry opdrag om die beker te gee aan al die nasies waarheen die HERE hom stuur en ...voor in die ry van drinkers staan Juda en Jerusalem en sy konings en sy vorste. In Esegiël 23 kry ons dieselfde te hore: Daar was twee vroue. Die een se naam was Ohola. Dit is Samaria, die hoofstad van die Israelietiese Tienstammeryk. Die tweede was Oholiba, dit is Jerusalem, die hoofsetel van die ryk van Juda. Die HERE noem Homself hulle Man. Hulle het dus in 'n huweliks- of verbondsverhouding met Hom gestaan. Beide het egter van die HERE afgehoereer, dit wil sê verbondsbreuk gepleeg.

Daarom ontvang hulle nou 'n beker uit die hand van die HERE (Esegiël 23:31-33). Wat se beker

is dit eintlik? Die naam *toornbeker* sê dit al. Hierdie beker beeld die toorn van die HERE af. Dit simboliseer sy oordeel oor die heidene en dit beeld sy verbondstraf af oor sy hoererende volk. Ons kan dit beskryf as *verbondsbeker*, beker van die HERE se *verbondswraak*.

In Jeremia 51 vers 7 word nader verklaar: *'Babel* was in die hand van die HERE 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword'. Babel was instrument in die hand van die HERE om sy afvallige verbondsvolk te straf.

Wat hierdie beker vir ons so uiters aktueel maak, is die feit dat *ons almal* daaruit moet drink. Immers, ten diepste is ons'almal verbondsverbrekers. Daarom verdien ons die verbondstraf van God.

Daar vind egter 'n wonder plaas. Daar kom

## 'n Genadebeker in die plek van die toornbeker

Aan die nagmaal hoor ons naamlik van nog 'n beker. Dit is eweneens 'n beker *in die hand van God*. Immers, ons Here Jesus is self ook God. Hy deel dit uit.

Dit is egter nie 'n toornbeker nie, maar 'n *genadebeker*. Inderdaad genadebeker vir ons, want dit spreek nie van toorn nie , maar van vergifnis van sondes (Matteus 26:27-28). Net soos die toornbeker is hierdie beker dus ook verbondsbeker. Waar die eerste beker egter God se verbondstraf simboliseer, beeld hierdie beker die heerlike *verbondsbelofte* van vergifnis in die bloed van Christus af.

Dink ons nog daaraan wat 'n geweldige gebeurtenis daar elke keer aan die tafel van die Here plaasvind? Daar kom die Here Jesus Christus self na ons toe. Hy is die Gasheer by daardie feesmaal. Hy self reik vir ons die beker van heil aan. Telkens wanneer ons die beker ontvang, sê die Here self daarmee: Hier, hier is die vergifnis ook vir jou. 'Neem, drink almal daaruit; gedenk en glo dat die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes' (Nagmaalformulier).

Maar miskien dink u: Dit is tog die dominee wat die beker vir my gee? Maar in die verband wil ek u wys op die veelseggende woorde van ons Heidelbergse Kategismus (antw. 75) dat ons die beker *uit die hand van die dienaar* ontvang. Wie is hierdie dienaar? Hy is God se gesant. Deur hom ontvang ons dus vandag nog die beker uit die hand van ons Here Jesus self.

Die taal van ons belydenis is eg bybels. Ook Jeremia, die dienaar van die HERE, ontvang die toornbeker uit die hand van die HERE om uit te deel aan die volke (Jeremia 25:15, 17, 28).

Maar ons moet derdens vra: Wat het gemaak dat die toornbeker vervang is met 'n genadebeker? Het die HERE dan van sy toornbeker vergeet? Wil Hy dan die sonde ongestraf laat? Dit bring ons by

## Die geheim van die bekerverwisseling

Reeds in die Ou Testament sien ons die geheim geopenbaar *hoe* die toornbeker weggeneem word van die verbondsvolk. Jesaja (51:17, 22) profeteer naamlik dat die HERE self die beker van bedwelming uit die hand van Jerusalem neem.

Hoe kan Hy dit doen? Om dit te verstaan, moet u kyk na die verband waarin hierdie woorde staan. Die wegneem van die toornbeker staan binne die raamwerk van die sogenaamde Knegliedere. Jesaja sing van 'n Kneg wat sal kom om Israel van God se toorn te red. Daardie Kneg is niemand anders as ons Here Jesus Christus nie.

Die herstel van Jerusalem en die wegneem van die toornbeker is innig verweef met sy werk. '...Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom' (Jesaja 53:5). Hier vind die heerlike ruil plaas waarvan Luther praat: Die HERE neem nie maar net die toornbeker van ons af weg nie, maar Hy oorhandig dit aan 'n Ander om te drink; Hy ontvang die straf wat ons verdien het en ons ontvang die vrede wat Hy verdien het. Deur die verlossingswerk van die Kneg, omdat Hy die toorn (gesimboliseer deur die toornbeker) op Hom sou neem - daarom kan die beker van grimmigheid van die kerk weggeneem word.

Na die instelling van die nagmaal in die Nuwe Testament verskyn die toornbeker weer in die gesigveld en uit wat ons dan sien, leer ons nog beter begryp hoe die toornbeker vervang kon word met 'n genadebeker. Ek verwys naamlik na Jesus se gebedsworsteling in Getsemane: 'My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan' (Matteus 26:39). Na watter beker verwys ons Here Jesus? Dit is die toornbeker van die Ou Testament. Die Seun van God gaan dit drink in die plek van elkeen wat glo. Hy *moet* dit drink. As Hy dit nie drink nie, moet ons dit drink, want God wil die sonde nie ongestraf laat nie.

En Hy het dit gedrink. Op Golgota het Hy die toornbeker - *ons* toornbeker! - tot op die bodem toe leeggedrink. Daar het niks meer in oorgebly nie. Hy het vir al ons sondes ten volle betaal. Sy bloed was 'n volkome versoening vir al ons sondes.

Psalm 116 is 'n baie geliefde Psalm by ons nagmaalvierings. Nou is dit heel opmerklik dat Psalm 116 ook deel was van daardie liederebundel (Psalm 113-118) wat die Jode tydens die viering van die Pasga gesing het. Die beker van verlossinge van Psalm 116:13 staan dus in die Paaskonteks, binne die raam van die fees van die Lam wat geslag sou word vir ons sondes. Die beker van verlossinge en die bloed van Golgota het alles met mekaar te make. Op die plek van die hoofskedel is die beker van genade berei. Golgota was God se parskuip. Daar is sy Seun gepers in die parskuip van sy toorn ... om u te voorsien van 'n genadebeker.

Hy *moes* dus ly en die toorn van God dra, om ons daarvan te bevry.

Daarvan het die dissipels egter nog niks begryp nie. Petrus wil verhoed dat Jesus in hegtenis geneem word. Daarom trek hy sy swaard uit sy skede en kap die dienskneg van die hoëpriester se oor af. 'Toe sê Jesus vir Petrus: Steek jou swaard in die skede. Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit dan nie drink nie?' (Johannes 18:11). Die Skrifte moet vervul word. Die beker sal Hy drink. Dit is die beker wat die Vader Hom gegee het, die beker *uit die hand van die Vader*.

Nee, vir Jesus was die genadebeker van die nagmaal geen genadebeker nie, maar profesie van die toornbeker. Immers, die wyn in die nagmaalbeker, die genadebeker, is teken en seël van *sy* bloed wat gestort word. Vir Christus is die nagmaalbeker dus eweneens *verbondsbeker*, maar dan beker van die HERE se verbondstraf, dus *toornbeker*.

Is dit nou die einde van die Here se toornbeker? Nee, in Openbaring 14:8 en 10 hoor ons weer daarvan. Daaruit sal die groot hoer, Babilon, moet drink. Babilon staan in Openbaring vir die valse kerk. Sy verteenwoordig elkeen wat Christus

verwerp en sy genadebeker nie wou drink nie. Almal wat met haar gehoereer en van die Bruidegom afgehoereer het, sal saam met haar die bitter beker van God se toorn moet drink.

Ons sal moet begryp: God se genadebeker is 'n geloofsbeker. Ons ontvang dit nie met ons vleeslike hande nie, maar met die hand van die geloof. Sy genadebeker is 'n beloftebeker en daarom moet dit - soos elke belofte - gelowig geneem word. Dit is nie genoeg om maar net by die nagmaal aan te gaan sit nie, maar ons moet met gelowige harte toetree en in die geloof eet en drink.

Enersyds word die beker vir ons aangereik, maar andersyds kom ook die bevel, die eis van die verbond: 'Drink almal daaruit' (Matteus 26:27).

### Die beker uit Christus se hand

Die *tekens* aan die nagmaalstafel, die brood en die wyn, is ... deur die Seun van God self gegee.

Die *woorde* van vergifnis ... kom uit sy mond.

En ook die beker ... kom uit sy hand. Dit is 'n *handeling* van die Here Jesus Christus self.

Daarom sal elke deel van hierdie feesmaal iets heel, heel besonders bly vir elkeen wat glo.

Die nagmaalbeker is 'n blywende herinnering aan die toornbeker wat die Seun van God gedrink het om ons ontwil. Ontvang daarom vol verwondering die genadebeker uit sy hand.

Amen

---

**AKTUEEL**

# PLEIDOOI VIR KERSPREKE OP KERSDAG

**Dr AH van den Bout**, Pretoria

Dit was weer Kersfees gewees. Aan die kinders is al 'n paar dae voor die tyd gedeeltes uit die Skrif voorgelees rondom die geboorte van Christus. Self word 'n mens as ouer ook weer by die heilsfeite bepaal, wat die kinders ingeskerp word. Dan die groot teleurstelling, as die dominee op Kersdag preek uit Matteus 11, oor die geknakte riet.

Na die spesiale Kersdiens op Maandag vra die kinders: 'Was dit dan nie Kersfees vandag nie? Die dominee het nie eers oor Josef en Maria gepreek nie. Hy het geen enkele verwysing gemaak na die herders en die engele en die groot fees wat daar plaas gevind het nie. Hy het in elk geval nie melding gemaak van die maagdelike ontvangenis en dat Gods Seun nou werklik mens geword het nie, iets waar al die eeue al na uitgesien is.' Die kinders is verward en die ouers is ongelukkig. Hulle wil juis nie met Kersfees deel wees van geskenkies gee en wil niks met kersvader te doen hê nie.

Daar is so nou en dan 'n diskussie by die huis dat geskenkies en kersvader niks met die ware Kersfees te doen het nie. 'Maar pa waarom preek die dominee op Kersdag dan nie oor die geboorte van Jesus nie?' Die vraag bly onbeantwoord.

Is dit nie juis in hierdie tyd belangrik om op Kersdag te preek oor die werklikheid van die onvervalste heilsfeite van die maagdelike ontvangenis en die geboorte van Christus nie? God die Seun het as mens verskyn as vervulling van al die profesieë vanaf die moederbelofte. Die goddelikheid van Christus as mensebaba en die hemelse leërmagte wat die blye boodskap gebring het. Gods woord is waar en ons twyfel nie aan enige een van hierdie heilsfeite nie.

Het dit dan nie tyd geword dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bekend begin staan dat hulle op Kersfees Christus se geboorte onvervals en kinderlik gelowig verkondig en dat hulle op Goeie Vrydag Christus se offer aan die kruis as God se Seun tot versoening van al ons sondes en op Paasfees die werklike opstanding van Christus kinderlik gelowig in al sy glorie predik nie? Hoekom op Kersfees preek oor Matteus 11 en nie oor Betlehem en Josef en Maria nie? Is dit nie belangrik in die geloofopbou van ons kinders, as die broers en susters van môre, dat hulle al die heilsfeite hoor nie? Is kerk, gesin en skool dan nie 'n onlosmaaklike eenheid nie? Leer ons die kinders by die skool dan nie wat Kersfees beteken nie? *Ek wil 'n pleidooi lewer vir die terugkeer van die prediking op spesiale kerklike feesdae oor die spesifieke bybelse heilsfeite van daardie feesdag, tot versterking van die geloof en tot opbou van die kerk en dan veral van die jeug van die kerk.*

Waak en bid, o Gereformeerde Kerke, dat die woord onvervals verkondig word, luid en duidelik teenoor allerlei afvallige teologiese drogredenasies wat in wese net ongeloof is en dat die kerklike tug gehandhaaf word oor slapheid in die kerkgang wat skielik op Kersdag weer so 'n nostalgiese kerkdiens beleef. Maar as die prediking op Kersdag spesifiek glad nie handel oor die kersfeite self en eerder 'n parafrasering is van enige voorgelese teksgedeeltes, wat beteken dit dan om as kerk bruid van Christus Jesus Triomfator te wees?

Het dit nie tyd geword dat ons as kerke weereens aan selfondersoek doen en vra hoekom hierdie sake so verander het nie? Want dit het nie die eerste keer op Kersdag gebeur dat ouers en kinders en ek neem aan baie gelowiges onbevredig die kerk verlaat het nie. Selfs die sing van kersliedere voor die kerkdiens, gelei deur 'n entoesiastiese tannie, tot wel drie maal toe maak geen verskil daaraan nie.

Dit is tog nie verkeerd om spesifiek op spesiale dae deur die kerklike jaar spesiale heilsfeite te herdenk nie? Dit was wel in die Ou Testamentiese asook in Christus se tyd en daarna tog heel gebruiklik. Dat die kerk deur die eeue heen die saak oordryf het en daar al ses weke van te vore begin is met kerspreke wil tog nie sê dat op Kersdag self nie die heilsfeit onverbloem en in alle geloofsglorie verkondig mag word nie? Selfs Calvyn was nie daarteen nie, hoewel hy in sy Institusie die oordrywing van sy tyd afgewys het.

Moet ons nie weer terugkeer na die ware verkondiging van al die heilsfeite op die spesifieke dae wat daarvoor ingeruim word in die kerklike jaar nie? Ek sal graag reaksie van broeders en susters hieroor wil hê asook oor die verwording van Kersfees tot geskenkies en kersvader en wat ons as gelowiges daaraan moet doen. Sien die artikel van Prof Amie van Wyk daaroor in die Kerkblad. Of ons wêreldgelykvormig wil wees of weer waarlik skriftuurlik *ecclesia semper puranda*.

# GESAG EN MAG

Dr JG Meijer, Pretoria

**Die jongste onderwyswet in ons land verbied die roede in die skool. Op dié wet is in laasjaar se Oktober-uitgawe gereageer: Hierdie verbod is in stryd met God se gebod. Hy beveel in sy Woord om die roede in sekere gevalle wel te hanteer. Hoe om aan hierdie gebod gehoorsaam te bly? Deur passiewe verset. Die artikel is aan die minister van onderwys gestuur.**

**Iemand het beswaar teen die inhoud daarvan (sien die rubriek 'Kommentaar van lesers'). Aansporing tot passiewe verset teen die roedeverbod ondermyn volgens hom die gesag van die owerheid. Tas hierdie aansporing tot verset werklik die wettige gesag aan? Met die oog op die aktualiteit van hierdie vraag, veral sedert die ingrypende veranderinge van die bewind in ons land sedert 1994, ontvang die vraagstuk van gesag en die eerbiediging daarvan wyer aandag in hierdie rubriek.**

Enige waarskuwing teen gesag-ondermyning moet deur elke christen ter harte geneem word. Die vyfde gebod: 'Eer jou vader en jou moeder', duld geen rewolusie, omwenteling van gesag nie. Onderhouding van hierdie gebod hou ons ver van enige oproer, in woord en in daad. Ons is anti-revolusionêr.

Nou kom die vraag na vore: Het gesag en gehoorsaamheid grense? Of eis die Here in die vyfde gebod onverbiddelike gehoorsaamheid aan enige wet van die owerheid?

Om die wil van die Here insake die gesag, die grense van gesag en gehoorsaamheid en die betekenis van die vyfde gebod in die praktyk duidelik voor oë te kry, soek ons na skriftuurlike antwoorde op die volgende vrae:

- Wat is gesag?
- Wat is mag?
- Wat is onwettige en wettige uitoefening van mag?
- Wie verleen gesag?
- Wat beteken God se gebod: Eer die gesagdraers?
- Watter gesagdraers word oor die mense gestel?
- Het gesag en gehoorsaamheid grense? Indien wel, wat is die grense?
- Wat is die roeping van die owerhede?
- Wie is die aangewese persone om betyds te waarsku teen oorskryding van bevoegdhede deur landelike, provinsiale en munisipale owerhede?
- Bestaan daar 'n reg of plig tot verset? Indien wel, in watter gevalle en hoe moet verset plaasvind?

Hierdie vrae kom agtereenvolgens in hierdie en DV in enkele volgende artikels aan die orde.

## Gesag

Gesag is seggenskap. Wie gesag dra, het die volmag, die bevoegdheid om te besluit en te beveel. Elke gesagdraer het ondergeskiktes onder hom of haar. Hy of sy staan aan die hoof van ander mense. Die hoof het die leiding.

### *Gesag in die paradys*

Gesag is so oud as die mensheid. Ons hoor reeds daarvan in Genesis 2. Na sy openbaring oor die skepping van die eerste mensepaar as sy beeld en oor sy kultuuropdrag aan hulle in Genesis 1:26-28 fokus die Here in Genesis 2 op gebeurtenisse wat die uitvaardiging van die kultuuropdrag voorafgaan.

Genesis 2 openbaar verskeie wonderwerke op die sesde skeppingsdag: God formeer die eerste mens, Adam, uit die stof van die aarde. Die afkoms van die mens maak en hou ons nederig jeens ons Skepper. Die tweede skepping-wonder: Die Here God plant 'n tuin in Eden, 'n lusoord vir Adam om in te woon en te werk.

Die derde wonderwerk is God se verbondsluiting met Adam. Hy *eis* gehoorsame onderwerping aan Hom, uit liefde. Hierdie liefdevolle gehoorsaamheid moet uitkom in Adam se daaglikse werk, die bewerk en bewaak van die tuin. Die Here stel ook 'n uitdruklike verbod. Hy verbied die mens om van die boom van kennis van goed en kwaad te eet. As Adam die gebod oortree, volg die uitvoering van God se *bedreiging*: dan sal die mens die dood sterwe. So staan dit letterlik in die Hebreeuse grondteks. Die dood sterwe is die ewige dood. Die Here *belowe* aan die gehoorsame Adam die ewige lewe. Hy gee die mens 'n simbool wat dié belofte voortdurend binne sy gesigveld hou: die boom van die lewe. God se belofte, sy eis en sy bedreiging - alle elemente van sy verbond met die mens kom reeds in Genesis 2 voor.

Na die skepping van die man en sy verbondsluiting met hom volg God se vierde wonderwerk: die skepping van die vrou uit die man. Sy kry nie regstreeks die verbond-stipulasies uit God se mond te hore nie. Adam onderrig haar daaroor en vertel dat die Here haar in sy verbond met hom insluit. Adam en Mannin: Hy is die eerste mens wat gesag ontvang, leiding gee.

### *Herinnering aan die paradys-posisies*

Die Here kom in sy verdere openbaring twee keer uitdruklik op sy skepping van die eerste mensepaar en die gesagverhouding tussen hulle terug. In altwee gevalle gaan dit oor die plek van die vrou in sy kerk. Die Heilige Gees wys regstreeks op Genesis 2 met die woorde: 'Adam is eerste gemaak, daarna Eva'. Die *vol*gorde van die skepping van man en vrou bepaal hulle *rang*orde. Sy, die tweede geskape mens, mag om dié rede nie in die gemeente onderrig (amptelike leiding) gee nie.[1]

Die Here wys ook op die rangorde van man en vrou in die woorde: 'Die man is nie uit die vrou nie, maar die vrou uit die man.' Hierdie woorde herinner net soos die vorige verwysing aan Genesis 2. God sê hiermee vir sy kerk in Korinte en vir al sy kerke: Hou vandag, in 'n gans ander situasie, die gesag van Adam oor Mannin in gedagte en handel daarvolgens: 'Julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man (let wel: van *elke* man), en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus'. Die man is 'die beeld en die heerlikheid van God, maar die vrou (wat net soos die man beeld van God is) is die heerlikheid van die man.'[2]

Teoloë en feministe vra: Is die hoofskap van die man vandag nog aanvaarbaar? Ons lewe tog in 'n tyd waarin die vrou uit haar ondergeskikte posisie bevry word? Die Here wys dié vraagstellers terug na die heerlike begin van die geskiedenis

1. 1 Tim 2:11-13.
2. 1 Kor 11:8, 3, 7.

van die mensheid. Hy herinner ons almal aan die posisies van man en vrou soos Hy dit in die tuin van Eden toebedeel het, voordat enige kultuur tot stand gekom het. Hy *stel* die gesagverhouding in die begin en Hy *handhaaf* dié rangorde vir alle mense, in alle verskillende kulture en in alle volgende tydperke.[3]

Maar, vra iemand, ons lewe nou tog na die sondeval? Kan ons na die sondeval nog aan paradys-posisies gebind word? Kom ons luister eerbiedig na die vervolg van die paradys-geskiedenis. Daar kry ons reeds die antwoord op hierdie vraag.

### *Die eerste aksie vir emansipasie van die vrou*

Na God se openbaring oor die skepping van die mens en sy verbondsluiting met hom volg die ses Bybelverse waarin die val en ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers beskryf word. Wat die gesag betref - Mannin neem die voortou. Toe sy die slang hoor praat, hardloop sy nie na haar hoof, na Adam toe nie, maar besluit sy self. Sy neem die inisiatief. Daarmee keer sy die Godgegewe posisies om. Sy, nie hy nie, tree as die hoof op.

En hy? Adam volg sy vrou. Hy neem die verbode vrug uit haar hand en eet ook.[4] Emansipasie van die vrou - die strewe na gelykheid van alle posisies vir mans en vroue - is so oud as die sondeval. Mannin word die eerste feminis wat haarself gelyk ag aan die man. Adam is die eerste man wat haar in die revolusionêre omkering van God se gesag-orde vrywillig volg.

### *Herstel van die geskonde gesagverhouding*

Wat doen die Here na die sondeval? Hy deurbreek die eendag-front wat die mense met die duiwel aangegaan het. Hy trek hulle na Hom terug, uit genade. Vir die vrou sê Hy: 'Na jou man sal jou begeerte uitgaan, en hy sal oor jou heers'.[5] In die woord 'heers' hoor ons 'n harde hand wat haar neerdruk, 'n oordeel-aankondiging oor haar emansipasie-drif. Die voltrekking van hierdie oordeel sien ons in verdrukking van vroue in heidense en afvallig-godsdienstige lande.

In sy oordeel-aankondiging aan die vrou bewys die Here tog ook onpeilbare guns. Hy stel die man wat die vrou gevolg het, weer as haar hoof aan, onder Homself. En Hy plaas die vrou wat eiesinnig die leiding geneem het, opnuut onder die man.[6] Hy herstel die gesag soos Hy dit in die paradys verorden het. Verlossing is nie rewolusie nie. Die Here werp die rangorde wat Hy in die paradys gestel het, nie omver nie. Nee, verlossing is herstel. Die gesag wat die Here in die paradys *gestel* het, *herstel* Hy na die sondeval en *handhaaf* Hy vir alle mense, te alle tye en op alle plekke. Waar die verlossing deurwerk, verdwyn die harde hand wat die vrou neerdruk, al hoe meer. Liefdevolle leiding keer terug by manne wat lewe uit die Woord: Christus is die Hoof van elke man.

Diskrimineer die Here teen die vrou as ondergeskikte van die man in Genesis 2 en in die herstel en handhawing van haar oorspronklike posisie na die sondeval? Hoor hoe God se Woord die vrou wat Hom vrees, in Spreuke 31 prys. Sy onderneem allerlei werksaamhede, in en buite haar huis. Sy is 'n hulp vir haar man. Sy gee leiding aan haar kinders en onderrig hulle in die diens aan die Here. Sy doen besigheid, beheer haar bediendes.

Sy sit net *nie* saam met haar man in die poort 'as hy saam met die oudstes van die land sit' om in die kerk onder die ou verbond reg te spreek nie.[7] Sy dring nie, soos Mannin in die paradys, in die man se posisie in nie. Sy kan haar in haar anders-geskape-wees-as-die-man en in die posisie wat God aan haar toeken, ten volle op die erf van die verbond uitlewe. Sy wat die Here vrees, aanvaar dankbaar die gesagverhouding wat die Here in die paradys ingestel en wat Hy na die sondeval uit genade herstel en gehandhaaf het.

In gehoorsaamheid aan die Here, uit eerbied vir die eerste gesag wat Hy onder die mense ingestel het en na die sondeval handhaaf, moet ons alle aksie wat vir gelyke posisies van mans en vroue tot in die kerk gevoer word, afwys en teenstaan.

Gelowiges wat emansipasie-sug verwerp, kom intussen wel terdeë op vir onderdrukte vroue. Afkerig van enige tirannie van mans oor vroue, volg hulle Hom wat 'aan die verdruktes reg doen' en wat die regverdiges (ook regverdige mans in hulle omgang met vroue) liefhet.[8]

## Mag

Mag en gesag word in die daaglikse spraakgebruik dikwels as sinonieme beskou. Die grondteks van die Nuwe Testament bring die verskil tussen dié twee duidelik aan die lig. *'Exousia'* (wat uitgespreek word as eksoesia) is die Griekse woord vir gesag. Gesag is die bevoegdheid om aan die hoof te staan, volmag om te regeer. Bevoegdheid, volmag, so kenmerkend van 'gesag', ontbreek in 'mag'. Die Griekse woord vir mag is *'dunamis'*. Dit beteken krag, die vermoë om iets uit te rig, desnoods met geweld. Afrikaanse woorde soos dinamo, dinamika, dinamies en dinamiet wys op die enorme krag wat in *'dunamis'* kan skuil.

'n Mens wat *'dunamis'* het, *vermag* veel. Dit beteken nie dat hy *mag* doen wat hy *kan* doen nie. *'Dunamis'* mag slegs aangewend word deur persone en instansies wat die bevoegdheid daartoe ontvang het. Wettige gesagdraers het die bevoegdheid om mag uit te oefen, maar ook hulle kan die mag misbruik.

### *Onwettige uitoefening van mag*

Aanwending van mag *sonder bevoegdheid* kom daagliks voor, wêreldwyd. Skollies, straatboewe, oefen mag uit. Dreigend met bomme, gewere, pistole, rewolwers, skroewedraaiers en ander mag-middele, onderdruk hulle die samelewing. Bankrooftogte, roof in die strate, inbrake, moord op onskuldige mense - koerante en ander massamedia vermeld daardie en ander wandade met die reëlmaat van die klok Hierdie terreur in stede, dorpe, huise en op boereplase maak van ons land en van Zimbabwe 'n paradys vir misdadigers en plaas groot dele van die bevolking voortdurend onder druk.

Uitoefening van mag sonder bevoegdheid is nie slegs tot enkele lande in Suider-Afrika beperk nie. Dié terreur teister die hele wêreld. Internasionale mafia-bendes, dwelm-, motordiefstal- en ander misdaad-sindikate, rykes wat regerings dwing om na hulle pype te dans (die geldmag), wys orals vuiste. Hulle oefen *'dunamis'*, mag uit, maar het geen *'exousia'*, gesag vir hulle verderflike ondernemings nie. Al hierdie magsvertoon is onwettig, mag-misbruik.

---

3. 'n Insiggewende studie oor die posisie van man en vrou in die kerk is gepubliseer deur professor J van Bruggen. *Emancipatie en Bijbel: Kommentaar uit 1 Korinthe 11*. 5e druk. Amsterdam: Bolland, 1984.
4. Gen 3:1-6.
5. Gen 3:16.
6. Sien vir die herstel van die oorspronklike gesagverhouding K Schilder. *Heidelbergsche Catechismus*, deel 2. Goes: Oosterbaan, 1949, p. 292.
7. Spr 31:23.
8. Ps 146:7, 8.

Selfs gesagdraers wat bevoegdheid besit om mag aan te wend, kan onwettig mag uitoefen. God gee aan die owerhede die bevoegdheid om die swaard (wat doodmaak) te hanteer. As 'n owerheid sy weermag (sy swaardmag) egter inspan vir 'n oorlog om landhonger te stil, oortree hy die agste gebod. Hy steel gebiede wat die Here aan ander volke gegee het. So 'n owerheid wend die swaard onwettig aan. Hy misbruik sy mag.

Owerhede kan ook hulle wetgewende mag onwettig aanwend. Dit is egter 'n kwessie wat hier maar net genoem word. Later, in die verloop van ons besinning oor gesag en gehoorsaamheid, moet DV 'onwettige wetgewing' in die lig van die Skrif beoordeel word.

Onwettige uitoefening van mag - deur onbevoegde persone en instansies sowel as deur wettige gesagdraers - is niks anders as oortreding van gebooie van God nie en daarom misdadig.

### *Wettige uitoefening van mag*

Gesagdraers moet sedert die sondeval in sekere gevalle mag gebruik. Hulle kry *'dunamis'* om - indien nodig - die gesag te laat geld. Gehoorsaamheid moet partykeer afgedwing word. Dit kan op verskillende maniere gebeur. Vir die een ongehoorsame kind is pa of ma se streng 'kyk', vir die ander 'n enkel woord wat aan 'n nie terstond uitgevoerde opdrag herinner, genoeg. 'n Derde het oplegging van 'n harde hand of selfs die roede nodig om gehoorsaamheid te leer, in en buite die ouerhuis. Wie nie wil hoor nie, moet voel.

Wie na voel nog nie wil hoor nie, moet gestraf word. In die ernstigste geval moet die owerheid letterlik die swaardmag gebruik. Hy word geroep om doodslag deur die doodstraf te weer.[9]

### *Nie-uitoefening van mag*

Gesagdraers wat nie hulle mag uitoefen nie, laat ongehoorsaamheid gedy. Die optrede van die rigter en hoëpriester Eli word as skrikwekkende voorbeeld van so 'n gesagdraer aan ons voorgehou. Sy twee seuns verag God se slagoffer en spysoffer wat Hy in sy woning beveel het.[10] Die gevolg? Die mense verag die offer aan die Here.[11] Verder hou hulle gemeenskap met die vroue wat by die ingang van die tabernakel diens doen.[12] Kultiese prostitusie soos in die 'heiligdomme' van die Kanaäniete. Hofni en Pinehas profeteer nie teen die heidense vrugbaarheid-religie nie, maar neem dit oor, bring die heidense ritueel en afgodediens in God se huis.

Wat doen hulle vader? Hy vermaan hulle. Hy sê: Julle doen slegte dinge. Julle maak dat die volk oortree. Julle sondig teen die Here.[13] Eli praat, maar laat enige mag-uitoefening agterweë. Hy laat sy vaderlike, priesterlike (kerklike) en rigter- (owerheid-) gesag nie geld nie. Hy wend nie sy drievoudige mag aan nie. In sy slapheid laat hy dit toe dat sy seuns met hulle gesin-, kerk- en samelewing-ondermynende aktiwiteite ongestraf voortgaan.

Die einde hiervan? Die Here gee sy verbondsark aan die Filistyne oor. Hy laat die ark nooit weer na die gedeformeerde Silo terugkeer nie. Sy opdrag dat die hoëpriester op die groot versoendag bloed op en voor die versoendeksel sprinkel om vir die heiligdom versoening te doen,[14] kan nie meer uitgevoer word voordat die ark deur koning Dawid na Jerusalem gebring word nie.

Wat leer ons uit hierdie droewige geskiedenis?

- Vaders en moeders wat nie betyds mag gebruik om hulle kinders gehoorsaamheid te leer nie, kweek 'n ongehoorsame, revolusionêre nageslag.
- Kerklike ampsdraers wat wel met dwaalgeeste praat, maar nie betyds die sleutel van die kerklike tug hanteer nie, weerstaan reformasie van die kerk, veroorsaak deurgaande deformasie van God se volk en uiteindelik die verwording van die kerk tot valse kerk.
- Owerhede wat nie betyds die vereiste mag teen misdaad aanwend nie, maak hulle wet-getroue burgers weerloos en die lande waaroor hulle moet regeer, onregeerbaar.

Wie verleen gesag? En waarom moet ons aan almal wat oor ons gestel is, gehoorsaam wees? En hoever strek die verskuldigde gehoorsaamheid? Hierdie vrae kom DV volgende maand aan die orde.

9. HK, antw. 105; sien ook die tekste waarna die Kategismus verwys.
10. 1 Sam 2:29, 12-16.
11. 1 Sam 2:17.
12. 1 Sam 2:22.
13. 1 Sam 2:23-25.
14. Num 16:14-16.

---

**REGTE**

# Regsagtergronde van die afskaffing van lyfstraf

**Dr AH van den Bout**, Pretoria

In 1997 is die wet op die *Abolution of Corporal Punishment* (33/97) aangeneem. Hierdie wet het al die oorblywende statutêre voorsienings, in terme waarvan liggaamlike straf opgelê kan word deur 'n hof of 'n hof van tradisionele leiers, herroep of aangepas. Die wetgewing is deur die Parlement aanvaar op grond van die besluit deur die Konstitusionele Hof in 1995 dat lyfstraf in stryd is met die bepalings van die Menseregte Handves van die tussentydse grondwet wat later in die nuwe grondwet van 1996 (108/96) net so oorgeneem is. Die Konstitusionele Hof het hierdie uitspraak gelewer in die saak van **S v Williams** (Staat versus Williams) 1995 (3) SA 623 (CC). In hierdie artikel sal kortliks ingegaan word op die regsagtergronde van hierdie besluit en in 'n volgende artikel DV sal die besluit en regsargument aan Skrifgetroue argumente getoets word.

## Lyfstraf afgeskaf

Die Menseregte Handves van die nuwe en finale grondwet van 1996 (108/96) van ons land, het in hoofstuk 2 gestalte gekry. Nie net is die basiese menseregte daarin geformuleer nie, maar is 'n aantal menseregte as onherroepbaar beskryf in artikel 37, soos by noodtoestande. Hieronder val byvoorbeeld die reg op gelykheid (a 9), menswaardigheid (a 10) en lewe (a 11) *[a = artikel]*.

Die Menseregte Handves word in a 7 gesien as die hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika wat die regte van al die mense in ons land vaslê en die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid bevestig. Die staat het die plig om die Menseregte Handves te respekteer, te

beskerm, te bevorder en tot sy reg te laat kom, hoewel dit in bepaalde gevalle ingeperk kan word deur spesiale voorwaardes. Hierdie beperkingsklousule is vervat in a 36, waarby die Menseregte Handves slegs beperk mag word in terme van reg van algemene toepassing, in so verre dat die beperking van die basiese menseregte redelik moet wees en geregverdig in 'n oop en demokratiese gemeenskap, gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Al die relevante faktore moet dan in ag geneem word, insluitende:

a) die aard van die reg,

b) die belang van die doel van die inperking,

c) die aard en uitgebreidheid van die inperking,

d) die verhouding tussen die inperking en sy doel, en

5) die mins beperkende manier moet aangewend word om die doel te bereik.

As daar nie aan hierdie bostaande voorwaardes voldoen is nie, mag geen wet enige reg, in die Menseregte Handves vasgelê, inperk nie.

Op grond van bostaande oorwegings het die Konstitusionele Hof in 1995 in **S v Williams** besluit dat lyfstraf as straf vir wetsoortreding in stryd is met a 10 (menswaardigheid). Elke persoon het inherente waardigheid en die reg om sy waardigheid gerespekteer en beskerm te hê en in ooreenstemming met a 12 (1)(e) - vryheid en sekuriteit van die persoon – en 12(1)(2) om nie behandel of gestraf te word op 'n wreedaardige, onmenslike of vernederende manier nie. Nie a 15 (vryheid van godsdiens, geloof en opinie) of a 31 (1) (die reg om as godsdienstige groep hul godsdienstige geloof te praktiseer) of die algemene beperkingsartikel 36 het daarteen opgeweeg nie.

## Die sentrale rol van menswaardigheid

Die heel eerste artikel van Hoofstuk 1 van die nuwe grondwet (108/96) maak al melding daarvan dat 'n soewereine en demokratiese staat soos Suid-Afrika gefundeer is op menswaardigheid, die bereik van gelykheid en bevordering van menseregte en vryheid. Die reg op menswaardigheid word deur die Konstitusionele Hof onlosmaaklik verbonde geag met ander menseregte. Regter O'Regan druk dit uit in die saak van die Konstitusionele Hof oor die doodstraf, naamlik **S v Makwanyane** 1995 (3) SA 391 (CC): *recognising a right to dignity is an acknowledgement of the intrinsic worth of human beings: human beings are entitled to be treated as worthy of respect and concern. This right therefore is the foundation of many of the other rights that are specifically entrenched in ... the Bill of Rights.*

> *Die Menseregte Handves word ... gesien as die hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika wat ... die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid bevestig.*

Regter Chaskalson bespreek hierdie punt in dieselfde saak soos volg: *the right to life and dignity are the most important of all human rights, and the source of all other personal rights in the Bill of Rights. By committing ourselves to a society founded on the recognition of human rights, we are required to value these two rights above all others.*

### Die bykomstige rol van artikel 12(1)(2) - wreedaardige, onmenslike en vernederende behandeling of straf

In **S v Williams** bepaal die Konstitusionele Hof dat *measures that assail the dignity and self esteem of an individual will have to be justified; there is no place for brutal dehumanising treatment and punishment. The Constitution has allocated to the State and its organs a role as the protectors and guarantors of those rights to ensure that they are available to all. In the process, it sets the State up as a model for society, as it endeavours to move away from a violent past. It is therefore reasonable to expect that the State must be foremost in upholding those values, which are the guiding light of civilised society. Respect for human dignity is one such value; acknowledging it includes an acceptance by society that ... even the vilest criminal remains a human being possessed of common human dignity.*

Regter Langa beskou menswaardigheid as die rooi draad wat loop deur die vasstelling of straf wreedaardig, onmenslik of vernederend is en wat die gemeenskap se konsep is van wat behoort en wat menswaardigheid weergee. Die Konstitusionele Hof besluit in **S v Williams** dat die lyfstraf wat aan jeugdiges toegedien word wreedaardig, onmenslik en vernederende straf is met die woorde : *the severity of the pain inflicted is arbitrary, depending as it does almost entirely on the person administering the whipping.*

*Although the juvenile is not trussed, he is as helpless. He has to submit to the beating, his terror and sensitivity to pain not withstanding .... The whipping of ... is in itself, a severe affront of (his) dignity as (a) human being.*

Hoewel die Hof die afskrikwaarde van lyfstraf besef, weeg dit vir die Hof nie op teen die skending van 'n konstitusioneel vasgelegde mensereg nie. Ander strafopsies is aanwesig volgens die Hof en 'n breuk met die gewelddadige verlede was noodsaaklik om na 'n meer liefdevolle en humane gemeenskap te beweeg.

Beswaar teen a 10 in die SA Skolewet (84/96) deur christelike ouers dat die verbied van lyfstraf in skole in stryd is met die geloofsoortuiging van christelike ouers, naamlik dat 'n pak slae op sy tyd reg is, is afgewys in die saak **Christian Education SA v Minister of Education** 1999 (9) BCLR 951 (SE) by monde van Regter Liebenberg: *in cases of this nature, a court will in the first place consider whether the belief relied upon in fact forms part of the religious doctrine of the religion practised by the person concerned. Once it is found that the belief does form part of their doctrine, the court will not embark upon an evaluation of the acceptability, logic, consistency or comprehensibility of the belief. But, the court will then enquire into the sincerity of the person's claim that a conflict exists between the legislation and the believe which is indeed burdensome to the person.*

Die Hoër Hof het besluit dat die applikante nie daarin geslaag het dat hulle opreg daarvan oortuig was op geloofsgronde dat onderwysers en skole toegelaat moet word om lyfstraf toe te dien nie.

'n Volgende keer die beoordeling vanuit die Skrif oor hierdie sake.

# Tensy of totdat: wat gaan vir wat?

## Dr J Visser van Roodepoort skryf:

Geagte redakteur

Vergun my 'n enkele opmerking oor ds GJ Meijer se antwoord op my brief in die uitgawe van Oktober 2000.

Ds Meijer beweer dat ek die woordjie 'tensy' in art. 31 KO verander na 'totdat'. Ek meen dat hierdie opmerking 'n bietjie grens aan moedswilligheid.

In die betrokke gedeelte van my brief is ek naamlik nie besig met die bewoording van art. 31 KO nie; ek is besig om te argumenteer oor 'n sekere **tydsduur** (vandaar die woordjie 'totdat'): wat gebeur **vandat** 'n beswaarskrif gebore word **totdat** die betrokke meerdere vergadering oor die beswaarskrif uitspraak gegee het. (As ek hierdie die woordjie 'tensy' gebruik het, sou dit die sin taamlik duister gemaak het).

Wat die 'ekstreme' voorbeeld betref wat ds Meijer gebruik, wil ek net daarop wys dat ek oor hierdie probleem alreeds my mening duidelik gestel het in 'n artikel in *Die Kerkblad* van 8 Desember 1999, bladsy 9 en 10. Ek haal aan: *'By wyse van voorbeeld skets ek 'n ander scenario:* Die Nasionale Sinode besluit dat kinders wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie, tot die nagmaal toegelaat moet word. Sommige gemeentes het teen hierdie besluit sulke hewige skriftuurlik-prinsipiële gewetensbesware dat hulle hoegenaamd nie hul weg oopsien om dit by hul Nagmaalviering toe te pas nie.

Wat staan hulle in so 'n situasie te doen? Moet hulle, totdat die Nasionale Sinode weer oor drie jaar byeenkom om hul besware teen die gewraakte besluit te behandel, hierdie besluit as 'vas en bindend' beskou en toepas? Hierop kan met beslistheid 'nee' geantwoord word; dit sou neerkom op on-skriftuurlike gewetensbinding. Na my mening moet hulle 'n goed-gemotiveerde besluit neem *waarom* hulle die besluit nie kan toepas totdat die volgende Nasionale Sinode byeenkom nie; van hierdie besluit van hulle moet kennis gegee word aan alle kerke in kerkverband. *Maar:* Hulle moet ook onverwyld via klassis en partikuliere sionde beswaar aanteken by die volgende Nasionale Sinode. Die feit dat hulle die gewraakte besluit nie as vas en bindend kan toepas nie, onthef hulle beslis nie van hul verpligting om beswaar te maak by die volgende Nasionale Sinode nie!'

Ek sluit af deur weer te sê dat dit wil voorkom asof daar tussen my en ds Meijer nie verskil van mening oor hierdie belangrike saak is nie. Kan ons die aangeleentheid nou maar rustig daarby laat?

Met hartlike groete, u vriend en broeder in die Here.

## Ds GJ Meijer antwoord soos volg:

Respek vir dr Visser, wat gewortel is in sy vriend- en broederskap in die Here, weerhou my daarvan om opmerkings te maak wat moedswillig is of aan moedswilligheid sou grens. Soos hy egter self sê, is die uitleef van artikel 31 KO 'n belangrike saak. Hierby staan of val die ordelike, Godvresende saamleef van kerke in die kerkverband.

Die aangehaalde uittreksel uit *Die Kerkblad* van 8 Desember 1999 onderstreep alles wat ek oor die ratifikasie-plig van kerkrade in die uitgawe van September 2000 geskryf het.

Daar is egter een saak wat - ter wille van volkome duidelikheid (geen moedswilligheid nie!) - uitgestryk moet word.

In die *Kerkblad*-artikel van 8 Desember 1999 stel dr Visser met betrekking tot gemeentes wat 'hewige skriftuurlik-prinsipiële gewetensbesware' teen 'n bepaalde sinodebesluit het: *Moet hulle, **totdat** die Nasionale Sinode weer oor drie jaar byeenkom om hul besware teen die gewraakte besluit te behandel, hierdie besluit **as 'vas en bindend' beskou en toepas**? Hierop kan met beslistheid **'nee'** geantwoord word; dit sou neerkom op on-Skriftuurlike gewetensbinding.*

In sy *Waarheid en Dwaling*-brief van Oktober 2000 stel dr Visser: *Wat hier egter nie onomwonde gesê word nie, is dat die betrokke besluit(e) intussen, **totdat** die betrokke meerdere vergadering oor die beswaarskrif uitspraak gegee het**, wel as vas en bindend beskou moet word**. (Ek hoop dat dit ook die siening van die skrywer is.)*

Die vraag is: moet die gewraakte besluit tot en met die sitting van die volgende sinode as vas en bindend gehou (uitgevoer) word - ja of nee?

---

# Weg met die roede

## MJ Boersema van Pretoria skryf:

Onder 'Aktueel' in *Waarheid en dwaling* van 10 Oktober 2000 gaan dit oor 'Christelike skole sonder roede?'. In 'n kort brief het ek die redaksie gevra vir 'n verklaring van sekere Skrifgedeeltes in die verband. Die redakteur het my versoek dat dit in die blad behandel moet word, maar dat besware teen die artikel genoem moet word. Hiermee wil ek dan voldoen aan die versoek en ook meld, soos in my eerste skrywe, dat ek met die siening van die artikel sou kon saamstem.

As ons dan eerstens na die opvallende venster in die middel van die artikel kyk, wat lui: *'Laat die ouers 'n belofte onderteken om nie na lyfstraf die onderwyser by die owerhede aan te kla nie'*, sien ons dat dit die hoofsaaklike bedoeling van die skrywer is. Die aanleiding tot die artikel is art. 10 van die Skolewet, wat uitgebreid in die artikel beskryf word. Die gevolgtrekkings en oproep tot lydelike verset motiveer die skrywer met verskeie teksverse uit Spreuke, onder die opskrif *'Die wet verbied wat God gebied'*. Ons sou ons hele lewe onder die wet van die Spreukeboek kan stel, sonder dat 'n enkele uitsondering ons

sou vryspreek van die wet van die Here. Die vraag is egter of ouers opgeroep mag word tot ongehoorsaamheid aan hierdie owerheidswet, selfs ten aansien van ons kinderopvoeding in die huis, veral in hierdie ontaarde tyd van kinder-mishandeling en -misbruik.

'n Ander belangrike vraag is: Mag ek sonder meer die reëls vir die ouers deurtrek na die skool, as 'n outomatiese verlengstuk van die opvoeding van die ouers. Kom ons dan nie in konflik met die Skrif self wat op verskillende plekke aandui dat ons niks by die Skrif mag toevoeg of wegneem nie? Ons wil graag die gereformeerde skool sien as verlengstuk van ons doopbelofte, maar nie as dit teen ons belydenis ten opsigte van die owerheid indruis nie. Die owerheid is daar ons 'ten goede', ook die owerheid wat miskien God se toorn oor ons bedien. So alleen kom ek tot die ware erkenning van die vyfde gebod, Sondag 39 HK, Romeine 13, 1 Petrus 2, en nog vele meer.

Deur te stel dat ons die owerheid op een punt nie hoef te gehoorsaam nie, maak ons alles relatief, wat op sigself al 'n groot gevaar inhou vir ons kerklike samelewing. Erger nog - ons sê vir die jeug: Dien God en eer die koning wanneer dit ons pas. Die gevolge is katastrofies. 'n Opgroeiende geslag wat die wapen opneem omdat hulle so grootgemaak is, omdat die ouers nie kan onderskei waarom dit gaan nie. Liefde vir God veronderstel ook liefde vir die wat daagliks God se gebooie vertrap, omdat hulle deur God self daar gestel is.

K Schilder sê: As die keiser lid is van die kerk, en onder sensuur is in die kerk, moet ek nog Maandag my belasting betaal, en as ek hom Sondag sien, moet ek hom eerbiedig groet - dit is jou oë oopmaak om die gesag in bewustheid te erken.

## Dr JG Meijer reageer:

Broeder Boersema opper 'n beswaar en stel 'n vraag. Altwee, die beswaar en die vraag, gaan oor *gesag* wat die Here verleen en *gehoorsaamheid* wat Hy eis.

Die beswaar handel oor die oproep tot passiewe verset teen die 'roedeverbod' van die owerheid. Die beroep op God se gebod (onder meer in die Spreukeboek) om die roede wel in sekere gevalle te gebruik, word beslis van die hand gewys met die argument: Ons mag nie met die een gebod van God ('gebruik die roede') die ander gebod ('wees gehoorsaam aan die owerheid') kragteloos maak nie. Die owerheid wat ons 'ten goede' daar is, bedien miskien wel God se toorn. Die oproep tot passiewe verset teen *een* wet van die owerheid lei bowendien volgens broeder Boersema tot relativering van *alle* landswette met die leuse: 'Dien God en eer die koning wanneer dit ons pas'. Dit bevorder revolusie, bandeloosheid, wetteloosheid, anargie.

Broeder Boersema wys passiewe verset teen die owerheid se 'roedeverbod in die skool' af. Hy pleit daarenteen vir toepassing van die wet en selfs uitbreiding daarvan na die gesinne, ten einde kindermishandeling teen te gaan. Weg met die roede, in die skool en in die ouerhuis.

Die beswaar teen passiewe verset word met woorde van professor K Schilder onderstreep. Die aanhaling in die laaste paragraaf van broeder Boersema se brief kom uit 'n preek oor die vyfde gebod (Sien K Schilder, *Preken*, deel 3, bladsye 330-347. Hierdie deel van Schilder se *Verzamelde werken* is deur Oosterbaan, Goes, in 1955 uitgegee).

Professor Schilder preek. Die datum? 14 Oktober 1937. Dit woel en gis in Europa. Binne twee jaar breek die tweede wêreldoorlog uit. Die name van Josef Stalin en Adolf Hitler kom in die preek voor. Schilder profeteer teen hulle en ander se afvallige leringe (onder andere aanbidding van die staat, van ras, bloed en bodem en van die 'Leier', die 'Führer'). Al in die inleiding van die preek kom die reg van en plig tot opstand ter sprake. Die laaste punt van die preek gaan oor die grense van gesag en gehoorsaamheid. Schilder verkondig 'die geheim van diensweiering en -vervulling'. 'Geen *tussen-mag* tussen God en my nie; geen priestertoga en geen koningspurper nie, geen heilige hostie en geen artikel soveel van 'n strafwetboek nie.' As die owerheid 'n wet uitvaardig wat ons verbied om teen God se wil, teen sy Woord op te tree? Schilder antwoord: 'Ons *weier* gehoorsaamheid'. Deur hierdie diensweiering 'bly ons dienspligtig aan die *lewende* God'.

Die bostaande maak wel duidelik dat broeder Boersema professor Schilder aanhaal buite die verband waarin hy die Woord verkondig het.

Nietemin bly die vraag ons besig hou: *Het menslike gesag en gehoorsaamheid grense*? Wat leer die Here ons hieroor in sy Woord? Hierdie kwessie is brandend aktueel. Talle gelowiges in ons land worstel met die vraag oor die grense van gesag en verantwoordelikheid, veral na die veranderinge in die bewind sedert 1994. Ander vrae vloei uit die vraag oor die grense van gesag en verantwoordelikheid voort. Onder meer: Wat verwag die Here van sy volk, konkreet, onder bewindhebbers wat ANC- en kommunistiese beginsels aanhang? Wat van die menseregte wat in die grondwet veranker is?

Broeder Boersema stel benewens sy beswaar teen passiewe verset 'n vraag: 'Mag ek sonder meer die reëls vir die ouers deurtrek na die skool, as 'n outomatiese verlengstuk van die opvoeding van die ouers?' Hier kom vrae na vore soos: Watter verantwoordelikhede het die ouers, kerkrade en owerhede vir die onderwys? Wat leer die Skrif hieroor?

> *Het menslike gesag en gehoorsaamheid grense?*

Dit is nodig om aan die verskeie verantwoordelikhede van verskillende gesagdraers dieper aandag te gee. Ons land het sedert die Smutswet van 1907 staatsonderwys. Was en is dit reg? Ook hierdie vraagstuk was en is uitermate aktueel. Hoe moet gelowiges hulle doopbelofte nakom om die kinders na hulle vermoë in die leer van die Skrif te *laat* onderrig? Wat beteken hierdie belofte vir die onderwys? Hoe behoort onderwysers in die christelike skool aan die opdrag van 'goeie leer en tug' in Sondag 39 van die Heidelbergse Kategismus te voldoen?

Die brief van broeder Boersema roer belangrike en aktuele sake aan en laat talle vrae ontstaan, vrae wat sekerlik al ons lesers ter harte gaan. Ek begin met die vraagstuk oor gesag en gehoorsaamheid in die rubriek 'aktueel'. Na afhandeling daarvan volg DV in die rubriek 'onderwys' die vrae oor gesag van ouers, onderwysers en ander instansies in die christelike skool.

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

# CALVYN EN DIE NAGMAALBEKER

In *In die Skriflig* (tydskrif van die Gereformeerde Teologiese Vereniging) van September 2000 skryf prof. BJ de Klerk oor 'Gewetebinding, Calvyn en die viering van nagmaal'. Prof. de Klerk is verbonde aan die Teologiese Skool Potchefstroom.

In die inleiding van sy artikel skryf prof. de Klerk: *In die meeste gereformeerde kerke is daar voortdurende belangstelling in die betekenis van en die deelname aan die Nagmaal. ... Die GKSA het in 1997 en Januarie 2000 'n studie gemaak en besluite geneem oor die plek van die beker. ... In hierdie debatte het die verband tussen gewetebinding en die viering van nagmaal 'n belangrike rol begin speel. Kort na afloop van die Sinode 1997 van die GKSA skryf Jordaan in 'n redaksionele artikel (Die Kerkblad, Januarie 1997) dat daar tydens die Sinode by verskeie geleenthede teen die gevaar van gewetebinding gewaarsku is. Die vraag is waarin die gelowige se gewete ten opsigte van die Nagmaal gebind kan word. Gekoppel aan gewetebinding is die vraag na wat as wesenlike en middelmatige sake ten opsigte van die Nagmaal beskou kan word.*

Met betrekking tot Calvyn se siening oor gewetebinding en die viering van nagmaal skryf prof. de Klerk:

> *Die konteks waarin die Skrif 'gewete' gebruik, bepaal die verhouding tussen die binding van die gewete, die vryheid in Christus en die wesenlike en middelmatige sake met mekaar.*
>
> *Onder leiding van die Woord en Gees kan die gewete onderskei wat middelmatig en wesenlik is. Omdat die gelowige die vryheid in Christus ontvang het, kan sy gewete nie deur middelmatige sake gebind word nie. Die gelowige moet die vryheid besit om 'n gewetensoordeel in die teenwoordigheid van God te maak.*
>
> *Vir Calvyn is die wesenlike sake in die liturgie die twee-eenheid van Woord en nagmaal, die teenwoordigheid van God in die nagmaal, die 'sursum corda' en die eet en drink van Christus met die gees deur die geloof.*
>
> *Vir Calvyn is middelmatige sake die uiterlike prosedures, tradisies wat tot beginsels verhef word, en selfs, wat vir hom uiters noodsaaklik was, die frekwensie van die Nagmaalviering. Middelmatige sake is nie onbelangrik nie, maar die gewete kan nie daardeur gebind word nie. Die gelowige(s) moet self voor God besluite neem in die vryheid wat hulle in Christus ontvang het.*

*Die gebruik van die beker is 'n skriftuurlike gegewe (1 Korintiërs 11:23-29) en kan daarom nie middelmatig wees nie.*

Uit die artikel word dit nie klinkklaar duidelik waar prof. de Klerk die gebruik van die nagmaalbeker plaas nie. Is die gebruik van die beker vir Calvyn 'n wesenlike saak (gewetebindend dus om die beker te drink), of is dit 'n middelmatige saak (gun mekaar vryheid om die beker te drink al dan nie)? Prof. de Klerk laat dit voorkom asof Calvyn die gebruik van die beker as 'n uiterlike prosedure, en gevolglik as 'n middelmatige - nie-gewetebindende - saak beskou. Dit blyk veral uit sy aanhaling uit die Institusie (4.17.43): *'Sover dit die uiterlike handelswyse (by die Nagmaalsviering) aangaan, maak dit nie saak of die gelowiges dit (die brood) in die hand neem of nie; of hulle dit onder mekaar deel of elkeen afsonderlik eet wat aan hom gegee is nie; of hulle die beker weer in die hand van die diaken terugplaas en of hulle dit aan hulle naaste reik nie; of die brood suurdeeg bevat of ongesuurd is nie; of die wyn rooi of wit is nie. Dit is alles middelmatige sake en in die vryheid van die kerk geleë'.*

'n Artikel wat deur dr CJ Smit en prof. JM Vorster in *In die Skriflig* van Desember 2000 (p. 515-533) gepubliseer is, bevestig die persepsie wat prof. de Klerk oor Calvyn skep. In laasgenoemde artikel stel Smit en Vorster die vraag: *Is bepaalde liturgiese gebruike, óók die gebruik van bekers of kelkies by die nagmaal, werklik bepalend vir die wese van die kerk, vir sy voortbestaan of vir kerkeenheid?* In antwoord op hierdie vraag stel hulle in navolging van prof. de Klerk: *Daar moet ruimte wees vir middelmatige sake, het Calvyn (Institusie 4.10.30,32) al gewaarsku.* Met ander woorde: Calvyn beskou die gebruik van beker of kelkie nie as bepalend vir die wese van die kerk nie.

Is dit so? Spreek Calvyn homself werklik nêrens duidelik uit oor die gewig van die gebruik van die nagmaalbeker nie?

> Geneefse Kerkorde van 1561, artikel 74: 'Die dienaars (van die Woord) moet die brood ordelik en met eerbied verdeel en niemand anders mag saam met die dienaar die **beker** aangee, behalwe die ouderlinge of die diakens en daarom moet daar **nie 'n groot hoeveelheid bekers wees nie**'.
>
> Vigne, Pinksterfees 1565, artikel 5: 'Die dienaars (van die Woord) sal besluit oor die **wyse waarop die brood en beker** aan elkeen by die nagmaal oorhandig word'.

Beide aanhalings (oorgeneem uit AD Pont, Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg) bevestig dat dit by Calvyn geen vraag is óf die beker met iets anders - soos 'n kelkie - vervang kan word nie. Die gebruik van die beker is 'n skriftuurlike gegewe (1 Korintiërs 11:23-29) en kan daarom nie middelmatig wees nie.

Die 'beker-taal' van Calvyn weerklink duidelik in antwoord 75 van die Heidelbergse Kategismus: *Christus het aan my en alle gelowiges* ***beveel*** *om tot sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie* ***beker*** *te drink. Daarby het Hy beloof, ten eerste, dat sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek en sy bloed so seker vir my gestort is as wat ek met my oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die* ***beker*** *aan my gegee word. Ten tweede, dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed net so seker vir die ewige lewe voed en verkwik as wat ek die brood en die* ***beker*** *van die Here* ***as ontwyfelbare tekens*** *van Christus se liggaam en bloed uit die hand van die bedienaar ontvang en met die mond geniet.*

In die hele beker/kelkie-debat, wat beslis nog nie op 'n einde is nie, moet standpunte suiwer weergegee word. Om op sterkte van sekere snitte uit die *Institusie* te suggereer dat Calvyn die gebruik van die nagmaalbeker as van middelmatige belang ag, is nie eerlik nie. Daarvoor is die direkte uitsprake wat hy oor die saak maak, heeltemal te duidelik.

# BELOFTE EN EIS VAN DIE DOOP

In *Kompas* van Desember 2000/Januarie 2001 verskyn 'n verwerkte preek van prof. B Holwerda (in lewe hoogleraar aan die Teologiese Skool te Kampen, Nederland) oor die doop. Enkele snitte daaruit.

*Ons lees in die doopformulier dat die doop uit twee dele bestaan: 'n belofte en 'n eis. Wat beteken dit? Daaroor het mense al baie geredeneer. Oor die vraag of die belofte voorwaardelik is of onvoorwaardelik. Aan die een kant word die onvoorwaardelikheid van die belofte só benadruk dat die eis van geloof en bekering prakties onbelangrik word. Daar word dan gereken dat God by die doop beloof het dat die kind in elk geval hemel toe sal gaan.*

*Aan die ander kant word alle nadruk gelê op die voorwaardelike karakter van die belofte. God vergeef wel die sonde, maar net as jy glo. Op hierdie manier beland jy weer maklik op die gevaarlike spoor van: eers jou geloof, dan God se genade. So asof God se verbond eers werklikheid word as ons dit aanvaar.*

*Ons moet teen albei gevare waak. God gee geen enkele belofte sonder die eis van geloof en bekering nie. Hy stel ook geen enkele eis nie, behalwe op grond van die belofte. Die belofte word uit loutere genade aan ons geskenk. ... God stel nie vooraf eise waaraan ek eers moet voldoen nie.*

*Maar tog is die belofte ook nooit sonder eis nie. Dit is vir ons bekend uit die doopformulier dat die doop ons vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid. God beloof wel dat ons deur die Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig sal word, maar alleen op dié manier, dat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterf en godvresend en onbesproke lewe.*

*God skenk dus wel die belofte van vergewing en vernuwing, maar altyd só dat ons verantwoordelikheid gehandhaaf word. Hy beloof die saligheid alleen aan die wat glo. 'n Mens kan dus sê: die belofte word onvoorwaardelik gegee. Maar die uiteindelike vervulling van die belofte kom slegs tot stand langs die weg van geloof en bekering, en nooit anders nie.*

*God lê eenvoudig beslag op alle gedooptes en Hy eis hulle harte en siele en al hulle kragte op. Onvoorwaardelike genade by die doop? Inderdaad, maar daarom ook onvoorwaardelike gehoorsaamheid in antwoord op die doop.*

Oor wat die 'onvoorwaardelike gehoorsaamheid' behels is die laaste woord nog nie gesê of geskryf nie.

Dit raak in die eerste plek die kind, wat gedoop is. Hy of sy moet leer om - teen die mens se sondige natuur in - onvoorwaardelik gehoorsaam aan die Here te wees.

Maar dit raak ook die ouers, wat geroep is om kragtens hulle doopbelofte die kind in gehoorsaamheid aan God op te voed.

En dit raak almal wat by die opvoedingsproses betrokke is: onderwysers, kategete, dosente, hulpkragte.

Laaste, maar nie die minste nie, raak dit almal wat by die doopbediening as getuies aanwesig is. Elke doopbediening is immers 'n bevestiging van jou eie doop.

Onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Dit is 'n groot woord. Dit behels baie meer as die bymekaarmaak van kennis oor biologie of wiskunde of geskiedenis. Gehoorsaamheid het te doen met hoor. Hoor wat God sê. Delf in sy Woord, anders hoor ons nie. Eerbiedig luister. En dan onvoorwaardelik, sonder 'n ge-ja-maar, daarvoor buig. Doen wat die Here vra.

Mag God hierdie 'onvoorwaardelike gehoorsaamheid' aan elke ouer, elke ampsdraer, elke onderwyser, elke verbondskind van Hom gee. En mag ons hierdie nuwe jaar ten volle benut om mekaar in gehoorsaamheid aan te spoor!

Mag ons in dit alles ons doop positief uitleef tot eer van Hom Wie se teken en seël ons saam met ons dra.

---

# GEBED VAN CALVYN[1]

'n Gebed na aanleiding van 'n Skrifstudie oor *Jeremia 2:1-3* en dan veral vers *3a*:

**'Israel was vir die HERE 'n heiligheid.'**

Ook vandag hou U nie op om ons sowel vroeg as laat tot U te roep nie. U wek ons voortdurend op tot berou en skenk ons u belofte om ons te wil verhoor, wanneer ons tot u barmhartigheid ons toevlug neem. Gee ons, o almagtige God, dat ons hierdie groot goedheid nie verag en ons ons ore nie toesluit vir u roepstem nie. Laat u genadige verkiesing ons altyd voor oë staan as die eerste van al die gawes van u genade wat U ons wil skenk en laat ons daarna streef om ons so geheel in u diens te stel, dat u Naam deur ons lewe verheerlik word. En wanneer ons dan nog van U afwyk, laat ons spoedig weer op die regte weg terugkeer en u heilige roepstem gehoorsaam wees. Laat daar gesien word, dat ons deur U uitverkies en geroep is. Verwek die heimwee in ons om tot die einde toe vas te hou aan die heil, waartoe U ons roep en wat vir ons berei is in die hemel, deur onse Here Jesus Christus.

Amen

[1] Vertaal in Afrikaans deur dr AH van den Bout vanuit die Nederlandse teks van die hand van ds AG Barkey Wolf, uitgegee in 1940 deur DA Daamen, Den Haag.